

## Sondag 11 Augustus

**Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1-9**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 3:5**

### **Breek die krag van sonde met geloof in Jesus Christus**

Jy kan só reg leef dat dit verkeerd is. Ten spyte daarvan dat jy so 'n goeie, vroom lewe lei, kan dit verkeerd wees!

Hoe is dit moontlik? Dit gebeur wanneer jy begin trots word omdat jy so 'n goeie mens is. Wanneer jy dink dat jy so 'n bietjie beter is as hierdie ander sondige mense rondom jou. Dan raak jy maar net soos die lidmate daar in Galasië wat hulleself laat verlei het deur die valse evangelie dat jy deur getroue wetsonderhouding God se guns kan wen.

Die probleem met hierdie benadering is dat dit onmoontlik is om vol te hou. Neem byvoorbeeld die lidmaat wie se gewete aangespreek is na die ouderling se besoek voor Nagmaal en wat homself voorneem om meer getrou te wees in sy erediensbywoning en die gee van sy offergawe. Die derde Sondag na Nagmaal is daar nie meer so 'n vaste voorneme om op te staan vir die erediens nie. Nee, ek lê maar nog so bietjie. Die Bybel sê mos ons moet rus. Die tweede maand is daar belangriker dinge in my begroting en bly my offergawe weer in die slag. Dit gebeur omdat ek deur wetsonderhouding my saligheid probeer verdien.

Die Here sê vir ons hier hoe dit werk. Wandel in die Gees. Wanneer ek glo dat Jesus vir my sondes gesterf het en my begin inleef in God se genade en liefde in my lewe, werk die Gees in my. Dan vind ek 'n brandende begeerte en kan nie anders as om eredienste by te woon nie. Dan is daar 'n diepe dankbaarheid in die gee van my offergawe.

Gryp die wonder van God se genade in Jesus se offer vir jou deur geloof aan en begin leef vanuit daardie genade.

*Sing: Psalm 86-1:1*

*Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)*